**Dinsdag 12 September**
**Skrifgedeelte: Johannes 14:1-14**
**Fokusgedeelte: Johannes 14:6**

## Christus is die enigste weg

God het die mens geskape om in ’n persoonlike verhouding met Hom te leef (Gen. 1-2). Die mens het homself van hierdie besondere posisie beroof deur sy ore aan Satan uit te leen en slimmer as God te wou wees (Gen. 3). Die sonde het skeiding tussen God en mens gebring en die besondere gemeenskap met God was daarmee heen. Sedertdien het die mens ’n gemis in sy lewe en probeer die “gemis” met allerhande dinge vul soos werk, sport, plesier. Baie besef wat die probleem is en probeer hulleself in God se koninkryk inwerk deur middel van dinge soos godsdiens, goeie werke, verskillende geestelike dissiplines en ander godsdienstige aktiwiteite in kerke of in die natuur. Daar is ’n spreekwoord wat lui: “Alle paaie lei na Rome”, menende dat al hierdie paaie jou by God gaan uitbring. Dit is gewoon nie waar nie.

Jesus gee die antwoord op die probleem in ons teksgedeelte: “Ek is die weg,en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie” (Joh. 14:6). Jesus is *die weg*: die brug tussen hemel en aarde. Die pad tussen verlore en gevind. Tussen sondaar en God se kind. *Die waarheid*: Jesus is die vleesgeworde Woord. Hy is die beloofde Messias. Hy is die waarheid in verband met die mens se verlossing. *Die lewe*: Hy bewerk lewe in die sondedood waarin die mens homself gedompel het. Hy het die mag van die dood gebreek. Hy laat elke gelowige in ’n nuwe lewe opstaan.

Jesus Christus is die enigste weg tot verlossing. Niks wat jy doen, kan jou sondeskuld verminder of afskryf of jou verhouding met God herstel nie. Wat ’n troos! Dit is alleen moontlik deur geloof in Jesus Christus.

*Sing: Skrifberyming 3-4:5*

*Dr. PJ Vermeulen (Peet) (Wapadrant)*